KARL BARTH SE BESKOUING TEN OPSIGTE VAN DIE LEER VAN DIE PARTHENOGENESIS MET 'N VERWYSING NA DIE ETIESE IDEAAL VAN DIE ONGEHUDE LEWENSSTAAT (I)

deur

DR. P. J. T. KOEKEMOER

Dit lyk met die eerste oogopslag asof ons hier willens en wetens eers 'n stuk oor die „leer" en dan 'n stuk oor die „lewe" wil bespreek, eers die dogmatiese kwessies apart wil uitmaak om daarna met die lewenskwessies te begin. So wil ons Dogmatiek en Ethiek nie sien in onderlinge verhouding tot mekaar nie. So maklik-skematies kan daar in die Teologie ten enemale nie gedink word nie. Die geloofsinhoud kan nie as 'n objektiewe gegewenheid apart behandel en uiteengeset word (Dogmatiek) nie, om dan pas daarna besig te wees met 'n uiteensetting oor 'n aparte subjektiewe relasie tot hierdie grootheid nie (Etiek). Wanneer God Hom openbaar, is Sy openbaring 'n **gebeure,** 'n daad, waarin die mens met sy hele subjektiwiteit betrokke is, waarin die mens met sy hele mens-wees opgeneem is. Hierdie openbaring is sodanig objektief dat die mens se subjektiwiteit daarin ingesluit is. Kan ons dit ook so stel: Wanneer God spreek oor ons lewe, dan spreek Hy oor Jesus Christus en telkens wanneer Hy spreek oor Jesus Christus spreek Hy ook oor ons lewe. Toe die Seun van God te Bethlehem Kind geword het, het ons kinders van God geword. Hieruit volg dat die Dogmatiek eintlik ook Etiek is! Die Teologiese Etiek waarin die dade van die mens ter sprake kom, is dus nie 'n kronologiese opvolging van die Dogmatiek, die leer nie. Die Dogmatiek is in 'n sekere sin altyd Etiek omdat hierdie objektiewe altyd die subjektiewe in sig bevat. Daarom is regverdiging deur die Woord ook heiliging en is die heiliging nie 'n verlengstuk van die regverdiging nie. Karl Barth is die uitnemende teoloog [2]) wat nooit moeg geword het om die verhouding tussen hierdie twee sake, leer en lewe, telkens en telkens weer opnuut te deurdink

---

[1]) Hierdie artikel is eintlik 'n hoofstuk uit my ongepubliseerde doktorale proefskrif: Die Dogma van die Parthenogenesis en sy betekenis vir die Reformatoriese en Roomskatolieke Dogmatiek. Universiteit van Pretoria. Feb. 1958. (Promotor: Prof. dr. B. J. Engelbrecht.)

[2]) Ons sal telkens verwys na sy hoofwerk: **Die Kirchliche Dogmatik",** (verkort as **K.D.)**

nie. In hierdie sin en betekenis moet bostaande opskrif verstaan word.

'n Samevatting van **BARTH** se beskouing oor bogemelde, die leer van die maagdelike geboorte van Jesus Christus en die virginiteitsstrewe as oorweging in die geloofslewe, kan onder die volgende gesigspunte duidelik word :-

(1) **„Geheimenis" en „Wonder" :**

Iedere keer wanneer BARTH 'n uiteensetting gee hoe hierdie artikel in die **„Credo"** verstaan moet word, kwalifiseer hy dit as „geheimenis" of „wonder". In sy Prolegomena tot die Dogmatiek bring BARTH die maagdelike geboorte ter sprake onder die opskrif : „Die **Geheimenis** van die Openbaring". [3]) Hy noem dit ook „die **Geheimenis** en die wonder van Kersfees". [4]) of „die **wonder** van Kersfees". [5]) **Die onderskeid tussen „geheimenis" en „wonder":** Die **geheimenis** van die Openbaring bestaan daarin dat die Ewige Woord van God menslike wese geword het, om so as ware God en ware mens, die van God tot die mens gesproke Woord van die versoening te word. Die **geheimenis hiervan** is die **wonder** van sy geboorte, dat Hy ontvang is van die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria.[2][6]) Hieruit blyk dat BARTH die vleeswording, **inkarnasie** van die Woord, kwalifiseer as „geheimenis", terwyl die geboorte geld as „wonder". In hierdie sin stel hy dan ook die vraag : „Waarom word die **wonder van Kersfees** dan gevoeg by die **geheimenis van die inkarnasie?** [7] Hierdie onderskeiding voer BARTH egter nie konsekwent deur nie : „Waarom hierdie uitsonderlike wonder, wat hierdie beide begrippe (nl. die ontvangenis en geboorte) wil uitdruk, **naas die groot-wonder** van die Vleeswording"? [8]) Hier noem hy ook die vleeswording 'n **wonder,** die **groot wonder.** Ons moet derhalwe besluit dat BARTH oor die algemeen die onderskeiding maak : Die inkarnasie is die **geheimenis;** die geboorte uit die maagd, tesame met die ontvangenis, is die **wonder.**

Teenoor die intellektualisme het die oud-Kerklike Christolo-

---

[3]) K.D I. 11 par. 15 bls. 134.
[4]) **Karl Barth: „Hoofdsom der Heilige Leer".** vertaling van **„Dogmatik im Grundrisz"** deur A. D. Bakker, onder toesig van K. H. Miskotte, 1949, bls. 145.
[5]) **Karl Barth: „Credo", Die Hauptprobleme der Dogmatik dargestellt im Anschluss an das Apostolische Glaubensbekenntnis,** bls. 57, 1946.
[6]) **K. Barth:** K.D. I. 11 par. 15, bls. 134.
[7]) **K. Barth: Hoofdsom der Historie,** bls. 147.
[8]) **Karl Barth: Hoofdsom der Historie,** bls. 147.

gie die geheimenis van die Openbaring respekteer en nooit bedoel om dit te **verklaar** nie : die Openbaring van Christus in die vlees is, volgens 1 Tim. 3 v. 16 verstaan as . . . . **„die verborgenheid van die godsaligheid is groot . . . . "**

„Sie respektiert das Wunder der Jungfrauengeburt. In und mit diesem Respekt bleibt ihr auch die Erkenntnis der Inkarnation erhalten". [9])

(2) Die Sin en Betekenis van die dogma van die maagdelike geboorte :

Die belydenis, **„conceptus de Spiritu Sancto, natus ex Maria virgine"** sê BARTH, het 'n **algemene** en 'n **besondere**, 'n **innerlike** en 'n **uiterlike**, 'n **saaklike** en 'n **signifikatiewe** betekenis : „Es ist aber das Allgemeine, das Innere, das **Sachliche**, von dem sie reden, das **Geheimnis** selbst und als solches : dass Jesus Christus wahrhaftiger Gott und wahrhaftiger Mensch ist. Und es ist das Besondere, das Aussere, das **Zeichen**, von dem sie reden, das Wunder dass Jesus Christus als dieser wahrhaftiger Gott und Mensch allein **Gott** zum Vater und also die **Jungfrau** Maria zur Mutter hat. Das Erste ist die Tatsache der **freien Gnade** Gottes in seiner Offenbarung. Das Zweite ist die seiner eigentumliche **Form und Gestalt**, in der sie sich als freie Gnade zu erkenne gibt". [10]) **Die sinvolheid sien BARTH daarin :** (A) Dat in die **Credo** tegelyk aangetoon word die **geheimenis van die saak** en die **wonder van die teken;** tussen die **saak** (die inkarnasie) en die teken (ontvangenis en geboorte uit die maagd) moet mens onderskeid maak, maar geen skeiding aanbring nie. [11]) Met die oog op die ervaring, sê BARTH, was dit nog altyd so gesteld, dat met die „vorm" en die „teken" ook die „inhoud" en die „saak" verlore gegaan het. Mens kan nie by die een „ja" sê en by die ander „nee" nie. „Dit is wel waar dat die dogma van die maagdelike geboorte slegs die **„vorm"** en **„gestalte"** van die getuienis van die ware Godheid en mensheid van Christus is. Maar dit is **ook** waar dat die Kerk hierdie getuienis van die begin af in **hierdie** vorm en gestalte gehoor het. En dit kan wees dat die duidelikheid en bepaaldheid (van die dogma) met **hierdie** vorm en gestalte onafskeidbaar verbonde is, dat dit daarom in sy duidelikheid en bepaaldheid in geen ander vorm en gestalte as **hierdie** aan te hoor is nie". [12])

---

[9]) K.D. I. 11 par 15. 1 t.p. en **„Credo"**, bls .63.
[10]) **K. Barth: „Credo"**. bls. 57.
[11]) **K. Barth: „Credo"**, bls. 58.
[12]) **K. Barth: „Credo"**, bls. 58.

Kernagtig het BARTH by 'n ander geleentheid die sin van hierdie dogma saamgevat: „Die waarheid, dat Jesus Christus ontvang is van die Heilige Gees en gebore is uit die Maagd Maria, **wys enersyds op die waaragtige menswording** van die waaragtige God, wat voltrek word deur Sy verskyning in ons geskiedenis; dit herinner ons andersyds **aan die besondere vorm** waardeur die begin van die genadige en openbarende handeling van God, in Jesus Christus onderskei word van ander gebeurtenisse in die menslike geskiedenis . . . . " [13])

Hierdie artikel van die **Apostolicum** wil sinvol tot uitdrukking bring dat dit nie gaan om die ontvangenis en geboorte in algemene sin nie, maar in 'n **bepaalde** sin. BARTH stel dit in wysgerige terminologie so: Hier word naas 'n uitspraak in **„ontiese"** sin, 'n **„noëtiese"** uitspraak gedoen. [14]) Hy bedoel: dit wat die syn, die **inkarnasie** betref, is die ontiese; dit wat die kennis as sodanig betref, die teken, is die noëtiese). „Eben dies ist auch das Verháltnis zwischen **der Geheimnis der Inkarnation** und de **Wunder der Jungfrauengeburt.** Das Wunder der Jungfrauengeburt hat nicht ontische sondern noëtische Bedeutung. Es **zeigt an** was hier geschieht. Es ist als Wunder uberhaupt und nun doch auch gerade als dieses besondere Wunder die Wache von der Tür, die uns darauf aufmerksaam macht, dass es hier um das **Geheimnis,** um **Gottes** freie Gnade geht". [15]) Het ons in die inkarnasie met die **„saak"** self te doen, dan in die maagdelike geboorte met die „teken". Die „saak" **vertoon** sig en **kom aan die lig** in die wonder van Kersfees. In die maagdelike geboorte gaan dit nie **„slegs"** om 'n teken nie, 'n teken wat los staan van die geheim van die vleeswording nie, 'n teken wat mens na eie keuse kan losmaak van die geheim nie. Vorm en inhoud is nie te skei nie. Dit gaan in hierdie dogma om teken **en** saak, vorm **en** inhoud. [16]) BARTH het BRUNNER in die oog wanneer hy die vraag stel, of dit toevallig is dat by diegenes wat hierdie teken loën, daar op een of ander wyse 'n **„Theologia naturalis"** of 'n **„aanknopingspunt"** ingesluip het. BRUNNER het die fatale fout gemaak om die teken van die saak te skei. [17]) BARTH wil op die populêr-teologiese vraag of mens dan, om werklik christen te wees, aan die teken van die maagdelike geboorte moet vashou, antwoord: **Niemand kan die geheim van die Persoon van Jesus Christus werklik erken en dus werklik**

---

[13]) **K. Barth: „Hoofdsom der Historie".** bls. 145.
[14]) **K. Barth: „Hoofdsom der Historie",** bls. 147.
[15]) **„Credo".** bls. 63.
[16]) **Karl Barth: „Hoofdsom der Historie",** bls 47.
[17]) **Karl Barth:** K.D. I, 11 par. 15, 3, t.p.

glo, indien hy hierdie teken loslaat nie. Die Kerk doen goed om hierdie dogma te stel, as 'n wagter voor die deur van die geheimenis van Kersfees. [18])

B. Die sin van die **„Conceptus Sancto":-**

Dit is die **positiewe** beskrywing van die wonder van Kersfees. Die **mens** Jesus Christus het sy „oorsprong" in God. Jesus Christus is waaragtig mens, maar nie uitsluitend mens nie; Hy is waaragtig God. [19]) Wat aan die **natus ex Maria virgine** vooraf gegaan het, is die werk van God self. Waar daar van die Heilige Gees in die christelike Openbaring en Kerk sinvol gespreek word, daar is altoos God self bedoel; daarom het die maagdelike geboorte van Jesus Christus niks te doen met die mitologiese parallelle of met enige natuurfilosofiese of biologiese spekulasies nie. [20]) Hiermee is 'n gewigtige negativum gestel: **die mens Jesus Christus het geen vader nie.** By sy verwekking het dit **anders** gegaan as die gewone. **„Hierdie** menslike bestaan vind sy oorsprong in die vryheid van God self, in die vryheid waarin die Vader en die Seun een is deur die band van die liefde, in die Heilige Gees. Ons moet derhalwe, wanneer ons let op die begin van Jesus se menslike bestaan, ons blik verder rig tot in die laaste diepte van die wese van God, daar waar Vader en Seun **een** is". [21]) Die belydenis **conceptus de Spiritu Sancto** beteken dus ook 'n belydenis van die Heilige Drie-eenheid.

C. **Die Sin van die natus ex Maria virgine :-**

Dit wys op die soewereiniteit van die goddelike handeling en is daarom nie biologies te verstaan nie; gebore sonder manlike verwekking, alleen deur vroulike ontvangenis. Dit wys op die **soewereiniteit** van God in die „egeneto", (Joh. 1 v. 14). In die ou Simbole het die **natus ex Maria virgine** ook die betekenis om sekere gnostiese-docetiese voorstellings af te weer soos dit o.a. by **Valentinus** voorgekom het, dat Christus niks van sy menslike moeder ontvang het nie maar slegs deur Maria gegaan het soos water deur 'n buis' [22])

Vir BARTH het die uitskakeling van die man "n verstrekkende betekenis en sin. Waarom speel die man in hierdie geboorte geen rol nie? Dit is juis om te sê dat die sondige mens hier uitgesluit word; die sondige is egter nie die geslagsdaad as

---

[18]) K.D. I. 11 par. 15. 3, t.p.
[19]) **„Hoofdsom der Historie",** bls. 147-148.
[20]) K.D. I. 11 par. 15. 3, t.p. en **„Hoofdsom der Historie",** bls. 151.
[21]) **Karl Barth: „Hoofdsom der Historie",** bls. 151.
[22]) **Karl Barth:** K.D. I, 11, par. 15, 3, t.p.

sulks nie maar die „Souveränität des menschlichen Wollens, Volbringens und Schaffens".[23]) Die man is die draer van hierdie soewereiniteit en humaniteit. Hier gaan dit om 'n regterlike oordeel en 'n daad van goddelike gerig oor die „Männergeschichte" van die wêreld. Hier is die kreatiewe aktiwiteit en inisiatief van die man uitgesluit. Nie die mens as sodanig word hier verbygegaan nie, maar die man as die kenmerkende draer van die menslike aktiwiteit, die man in sy verantwoordelikheid vir die leiding van die menslike geslag in sy heroiese onbuigsaamheid.[24])

D. **Die Persoon van Maria :-**

Alhoewel die **virgo** op die voorgrond staan mag mens die maagdelike staat van die mens nie as verdienste beklemtoon nie. „Das bedeutet keine Apotheose der Frau. Auch die Frau hat Anteil an jener Souveränität des Menschen, die durch das Gericht der Gnade ausgeschlossen wird. Auch Maria kann nur selig gepriesen werden, weil sie geglaubt hat, (Luk. 1, 45) **nicht um ihrer Virginität,** nicht um ihrer Weiblichkeit willen".[25])

Die aanwysing van Maria as **„moeder van God",** noem BARTH in sy omskrywing van die **„vere Deus vere homo"** 'n **Christologischer Hilfssatz".**[26]) Die **Theotókos** verklaar die „egeneto" as uit die moeder en nie as 'n „creatio ex nihilo" nie. Die Konsilie van **Efese 431,** het die Theotokos (Dei Genetrix) teen die dubbele Christus van **Nestorius** geleer. Ook die konsilie van **Chalcedon (451)** het die Theotokos bevestig. BARTH verwys na **Luther** wat in sy verklaring van die Magnificat (1521), en herhaalde kere in sy preke, die naam **„Gottesmutter"** gebruik.

Die Nuwe Testament en die konsilies van Efese en Chalcedon het slegs **christologiese** interesse aan die persoon van Maria; sy is slegs 'n dienende byfiguur. Hierteenoor staan vir BARTH die Roomskatolieke Mariologie met sy stut in die vulgata vertaling van Luk. 1 v. 28 **(kecharitomene)** met **„gratia plena".** Die Mariafiguur is slegs in haar „begenadigdsyn" 'n onontbeerlike element in die Bybelse prediking.

Teenoor die ontwikkeling van die leer aangaande die persoon en werk van Maria,[28]) soos dit duideilk word uit 'n dogmen-

---

[23]) **Karl Barth: „Credo".** bls. 64.
[24]) **Karl Barth: „Hoofdsom der Heilige Leer".** bls. 152 vgl. ook K.D. I. 11 par. 15. 3. t.p. waar BARTH die kwessie van die **Patriargaat** en **Matriargaat** bespreek.
[25]) **„Credo".** bls. 65.
[26]) K.D. I, 11 par. 15, 2 t.p., bls. 152.
[27]) K.D. I, 11 par. 15, 2, t.p., bls. 152.
[28]) K.D. I, 11, par. 15, 2 t.p.,bls. 154 .

historiese ondersoek, wil BARTH die woorde van **Thomas Aquinas, „Mater Dei est pura creatura"** onderstreep, en wel in die sin van die **Ecce Ancilla Domini, fiat mihi secundum verbum tuum".** [29]) Die Roomskatolieke Mariologie, volgens die **„immaculata conceptio"** van **Pius IX** en die betrekking daarvan in die leer van die **„Analogia entis"** van **E. Przywara,** beteken volgens BARTH 'n verkondiging van wat die mens is as 'n **nog-nie**-gevalle-kreatuur; die medewerking **(coöperatio)** van die kreatuur in die verlossing. [30]) In die **ex virgo** lê juis die oordeel dat die menslike natuur geen moontlikheid **besit** om 'n „Werkgenossin" van God te wees nie. Alle **synergisme** en **monisme** word deur die soewereine goddelike handeling afgewys. Hierdie mens, die **virgo, word** deur 'n genadedaad die moeder van die Seun-van-God-in-die-vlees. Sy **is** dit nie; sy **word** dit gemaak.[31])

E. **Die Eksegetiese situasie :** [32])

BARTH merk op dat die fundering van die dogma op die Heilige Skrif met die eerste oogopslag nie so sterk en duidelik is as wat mens dit in strengere sin sou verwag nie. Dit is 'n feit dat die maagdelike geboorte in die Markus en Johannes Evangelies nie vermeld word nie; dat veral Paulus maar ook die res van die nuwe Testamentiese geskrifte nêrens uitdruklik verraai dat hulle daarvan weet nie; dat ook Mattheus en Lukas na afsluiting van die kindheidsgeskiedenis nie meer uitdruklik daarop terugkom nie. Dit is egter nie daarom uitgesluit nie, sê BARTH, dat die uitsprake van Mattheus en Lukas tot die vanselfsprekend aangeneem, **bekende en onbestrede vooropstellings van die Nuwe Testament getuienis kon behoort het.** Hy wys verder daarop dat die **„egénnesen"** in die geslagsregister **geen** beswaar kan beteken teen die maagdelike geboorte nie. Die woord kan ook 'n nie-biologiese betekenis hê. Jesus is nie die biologiese seun van Josef nie maar op grond van adopsie die wettige seun van Josef. **Feit is dat mens nie op grond van die eksegese tot 'n bestryding van die dogma kan kom nie;** vele van hierdie vrae is literêre vrae. Dit was nie die „Quellewert" wat hierdie belydenisartikel in die simbool gebring het nie. Hierdie dogma lê op 'n ander vlak as b.v. die Nuwe Testamentiese belydenis en die dogma van die **„vere Deus vere homo".** [33]) Dit wil nie slegs die christologiese **werklikheid** van die openbaring

[29]) K.D. I. 11. par. 15. 2 t.p., bls. 157.
[30]) K.D. I. 11. par. 15. 2 t.p., bls. 159.
[31]) K.D. I. 11. par. 15. 3 t.p., bls. 160.
[32]) K.D. I. 11. par. 15. 3 t.p., en **„Credo".** bls. 65.
[33]) K.D. I, 11, par. 15, 3 t.p., bls. 174-187.

as sulks onderstreep nie maar veel meer die **geheimenis** van hierdie werklikheid, die „onbegryplikheid" daarvan. Die dogma van die maagdelike geboorte is as sulks nie die herhaling of omskrywing van die **„vere Deus vere homo"** nie, maar dit sê **aan wie** dit geskied, wat die naam **Immanuel** beteken, **aan ons, tot ons versoening.** [34])

By hierdie positiewe waardering van die dogma van die maagdelike geboorte wil BARTH alle misverstand voorkom. Hy wil dit nie as postulaat vooropstel, dat die werklikheid van die vleeswording, die geheimenis van Kersfees absoluut noodsaaklik hierdie **vorm** vir hierdie **wonder moes** gehad het nie. [35])

Die waaragtige Godheid en waaragtige mensheid van Jesus Christus in hulle onderlinge eenheid, is daar nie van afhanklik dat Christus van die Heilige Gees ontvang en uit die maagd Maria gebore is nie. Nee, mens kan slegs sê dat dit God behaag om die geheimenis in hierdie vorm en gestalte tot werklikheid en openbaring te maak . . . **Waar sou ons egter 'n ander vorm kan vind?** Waarvan sou ons 'n ander vorm wettig kan ontleed? In niks anders nie, **as in hierdie vorm** dra die Skrif en Belydenis aan ons die geheimenis voor". [36])

B. **Die ongehude lewensstaat as Evangeliese lewenshouding :**

BARTH wys daarop dat die Protestantse Etiek in sy waardering van die maagdelike lewensstaat nie „so gelukkig" gevaar het nie. [37]) Hierdie houding het sy oorsprong in die houding wat die reformatore ingeneem het teen die R.K. leer van die hoëre volkomenheid van die **ongehude staat as stand.** Hierdie stryd het daartoe gelei, veral by **Luther,** dat die gehude staat (onder die gesigspunt van kinder-verwekking) die enigste Godebehaaglike lewensstaat geword het. Bedenklik vir BARTH is die feit, dat die huwelik gegrond word op 'n soort van skeppingsorde as plig op die mens. **Paul Althaus** het in hierdie gees beweer: „ . . . Und die Ehe ist die höchste Aufgabe persönlicher Gemeinschaft — niemand hat das Recht, sich ihr zu entziehen". [38]) Die lewe van man en vrou buite die huwelik om, kan van hieruit slegs as 'n merkwaardige individueel bepaalde en uitsonderlike uitsondering wees. Hierdie houding is bedenklik omdat dit teenoor die Skrif 'n menslike tradisie poneer. „Das

---

[34]) K.D. I, 11, par. 15, 3 t.p., bls. 174-187.
[35]) **Karl Barth: „Hoofdsom der Heilige Leer",** bls. 153.
[36]) **Karl Barth: „Hoofdsom der Historie" ,bls. 153** en **„Credo".** bls. 65.
[37]) **Karl Barth: „Die Lehre von der Schöpfung",** in K.D., III/4. Evangelische Verlag. A.G. Zollikon-Zürich, 1951, bls. 156 vv.
[38]) **Karl Barth,** K.D. 111/4. P. 157.

bedeutet aber zweifellos, dass man in dieser Sache, dem Evangelischen Prinzip zuwider, eine menschliche **Tradition** — nachträgliche naturrechtlich begrundet! — **über** die Heilige Schrift gestellt hat". [39]) In die gemeente van die Nuwe Testament kan die huwelik geen **Obligatorium** wees nie. In die „laaste tyd" (eschatologies bedoel) kan dit geen skande wees om ongehuud te wees nie. Die huwelik moet eerder gesien word as 'n weg, as 'n saak van besondere gawe en roeping. **Dit was nou eenmaal so, en daaroor het die Protestantse Etiek sig nie veel bekommer nie, dat Jesus Christus, behalwe Sy gemeente, geen ander geliefde bruid of vrou gehad het nie!** Hy het sekerlik oor die goddelike herkoms van die huwelik, die on-ontbindbaarheid en heilig-houding daarvan in duidelike taal gespreek. (Mark. 10, 1-12 en Matt. 5, 27-31). Hy het ook niemand beveel om so te lewe as Hy-self t.o.v. die huwelik nie. **Sy persoonlike Voorbeeld staan egter as 'n feit waaraan ons nie sommer so ligvoets verby kan gaan nie.** Hyself het gesê: Daar is ongehudes **(eunouchoi),** wat so uit die moederskoot gebore is en daar is ongehudes wat deur die mense so gemaak is **„en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het terwille van die koninkryk van die hemele. Wie dit kan vat, laat hom dit vat".** (Matt. 19 v. 12b.). Hier is geen diskriminering teen die huwelik nie, maar wel seker 'n duidelike **begrensing en relativering van die huwelik.** 'n Besondere **institutêre stand** van die ongehudes word hier ook nie gegee nie, **nog minder** 'n meerdere volmaaktheid van die ongehudestaat. Duidelik is egter die feit dat hier geleer word dat daar **besondere situasies** kan bestaan, wat dit moontlik en noodwendig maak dat 'n huwelik nie aangegaan word nie. Die eerste „Pous", Petrus, het eienaardig genoeg, hierdie weg nie gekies nie. Paulus het egter wel hierdie „ander" moontlikheid aanvaar as die beste, gesien die besondere posisie waarin hy verkeer het, gesien die eschatologiese verwagting waarin hy geleef het. Hy het hierdie lewensstaat verkies, „für seine eigene Person nicht nur, sondern nun doch auch mit seinem entsprechenden — reservierten, aber in der Richtung unmissverständlichen — Ratschlag für Andere". Hy het egter duidelik verklaar: „Maar as jy tog trou, sondig jy nie . . . " (1 Kor. 7, 28a). Hy het die uitspraak van Jesus insake die onontbindbaarheid van die huwelik opgeneem: "Is jy aan 'n vrou verbonde, moenie losmaking soek nie". (1 Kor. 7 v. 27a). Paulus het die huwelik nie alleen as 'n weg, as 'n moontlikheid, aanvaar nie, maar as 'n genadegawe (1 Kor. 7

---

[39]) **Karl Barth,** K.D. 111/4 bls. 157.

v. 7) en roeping.

Die „ander" moontlikheid, die ongehude staat word duidelik gestel in I Kor. 7: „dit is goed vir 'n man om 'n vroue nie aan te raak nie". (v.1b). „Want ek wens dat alle mense soos ek was . . . " (v. 7a). Van die ongetroudes en weduwees sê hy: „ . . . dit is vir hulle goed as hulle bly soos ek". (v.8b). „ . . . Is jy los van 'n vrou, moenie 'n vrou soek nie". (v. 27b). „ . . . maar hy wat in die huwelik nie uitgee nie doen beter". Hierdie „beter" kan in elk geval nie as 'n diskriminasie teen die geslagslewe gesien word nie, sê BARTH. „Man bemerke wohl: eine Verdächtigung oder gar Diskriminierung des Geslechtslebens figuriert nicht unter diesen Gründen. Es gibt in dem ganzen Kapitel keine Zeile, die in diese Richtung weist". [40]) Die negatiewe houding vind sy grond daarin dat die gestalte van hierdie wêreld verby gaan; is dus eintlik die gevolg van die eskatologiese motief. Onder hierdie gesigspunt van die problematisering van die voor-die-deur-staande-einde, kom ook die huwelik te staan. Die huwelik kan in hierdie laaste-van-die-dae nie gesien word as 'n noodwendigheid tot behoud van die menslike geslag nie, nie meer as 'n vir iedereen goddelike gebod nie. Dit staan in die skaduwee en onder die druk van die „aanstaande nood" (v. 26). [41]) Meer positief gesien, gaan dit egter nie so seer om die eschatologiese verwagting van die einde van alle dinge nie, maar in wese om die **naderende koms van die koninkryk van God.** Dit gaan tans om die **diens** in en aan hierdie koninkryk. Hierin is die „ongetroude besorg oor die dinge van die Here, hoe hy die Here sal behaag, maar die getroude is besorg oor die dinge van die wêreld, hoe hy die vrou sal behaag". (vgl. v. 32 en 33). „Ja, die Ehe verwickelt **notwendig** in die ablenkende Sorge — und dementsprechend: **Ja, die Ehelosigkeit garantiert die Freiheit für den Herrn . . .** " [42]) Dus: 1 Kor. 7 will twee sake duidelik na vore bring:

a) dat daar 'n egte **christelike gehoorsaamheid** bestaan wat die mens nie in die huwelik nie, maar by die huwelik verby voer.

b) dat die egte christelike gehoorsaamheid by die toetrede tot die huwelik slegs daar plaasvind waar dit as 'n **gawe** en roeping aanvaar word. „Der Christ tritt nicht auf Grund irgend Naturnotwendigkeit in die Ehe, sondern auf Grund

---

[40]) **Karl Barth:** K.D., 111/4, bls. 162.
[41]) **Karl Barth:** K.D., 111/4, bls. 162.
[42]) **Karl Barth: K.D.,** 111/4, bls. 163.

besondere lebensgeschichtlicher, aber auch heilsgeschictlicher, geistlicher **Gabe und Berufung".** [13])

Ons konkludeer: In geen opsig hoegenaamd, wil BARTH die ongehude lewensstaat fundeer **op,** of laat inspireer **deur** die maagdelikheid van Maria nie! **Die ongehude lewensstaat is sinvol, nie omdat Maria maagd was nie, maar veel eerder omdat die Heilige Skrif dit in sekere lewenssituasies** en teen die agtergrond van eschatologiese verwagtinge, as 'n egte christelike gehoorsaamheidshandeling waardeer.

SAMEVATTEND KAN ONS SÊ:

(1) **BARTH** gaan voort in die lyn van die **oudkerklike christologie** van die protestantse belydenisskrifte, van **Luther** en **Calvyn** wanneer hy as uitgangspunt neem die suiwere daarstelling van die twee natureleer, die **vere Deus vere homo. Die twee natureleer en die wonder van Sy geboorte** is **essensieël** in die Christologie. **BARTH** vra doelbewus hoe daar gister in die Kerk gespreek is en wil, na die getuienis van die **Skrif,** ook vandaar uit-spreek.

(2) Die vleeswording van Christus kwalifiseer hy as **„geheimenis"** en Sy geboorte en ontvangenis as **„wonder".** Inkarnasie en geboorte vorm saam 'n geheimenis, die **geheimenis van die Openbaring.** Andermaal knoop BARTH hiermee aan by die oud kerklike christologie wat die geheimenis nooit wou „verklaar" nie, maar steeds respekteer het. Om hierdie geheimeniskarakter sinvol te onderstreep geld egter nie slegs die stem van die patres nie, maar **beslissend die getuienis van die Skrif:** daarom gaan **BARTH** terug na 1 Tim. 3 v. 16.

(3) **BARTH** verrig hierdie stuk dogmatiese arbeid eers nadat hy hom goed rekenskap gegee het van die eksegetiese stand van die probleem. Veral Joh. 1 v. 14 wil hy deeglig eksegetiseer. Die Kerk moet eers die **ecclesia audiens** wees, daarna **ecclesia docens.** Hy toon aan dat geen eksegetiese gronde bestaan vir die bestryding van die dogma nie. Die **„argumentum e silentio"** t.o.v. die meeste Nuwe Testamentiese geskrifte is nie van deurslaggewende getekenis nie. **„Egennesen"** in die geslagsregister kan ook 'n nie-biologiese betekenis hê. Hiermee bevestig **BARTH** die kerklike eksegese.

(4) **BARTH** kom op grond van hierdie dogma tot 'n belangrike

---

[13]) **Karl Barth**: K.D., 111/4, bls. 164.

konklusie vir beide Dogmatiek en teologiese Etiek : Dit illustreer wat die naam **IMMANUEL** beteken : met ons, tot ons versoening is God daar!

(5) Die sin en betekenis van hierdie dogma volgens **BARTH** het ons reeds saamgevat. Die algemene en saaklike betekenis is die geheimenis dat Jesus Christus waaragtig God en waaragtig mens is. Die besondere en signifikatiewe betekenis is die onderstreping van die **teken,** die **wonder** dat Jesus Christus **God** as Vader **en die maagd Maria** as moeder het. Die dogma toon aan die **geheimenis** van die **saak** (saak is inkarnasie) waarom dit gaan en die wonder(likheid) van die teken of vorm (dit is die maagdelike geboorte en Sy ontvangenis van die Heilige Gees.).
(6) Die saak self (inkarnasie) en die teken of vorm (ontvangenis en geboorte) is nie te skei nie, slegs te onderskei. Die ervaring het geleer dat wie die vorm onverskillig ag en alleen die inhoud (die saak of inkarnasie) in oënskou neem en van belang ag, gestrand het op die **„theologia naturalis".** God wil hierdie vorm of gestalte, nl. die ontvangenis en geboorte **so** en alleen in **die** vorm gehad het.

(7) Die dogma van die maagdelike geboorte is die wagter voor die deur : alles hier gaan om die **geheimenis van die Openbaring,** die Inkarnasie. Hiervan is hierdie dogma die teken en gestalte.

(8) Die sin van die **„conceptus de Spiritu Sancto"** lê daarin dat die **mens** Jesus Christus sy „oorsprong" in God het. Dit is 'n aksent op Sy goddelike natuur en lei ons na die dogma van die Drie-eenheid.

(9) Die **natus ex Maria virgine** wys op die soewereiniteit van die goddelike handeling, op die **sola gratia.** Hierdie **werklike** geboorte staan teenoor alle gnosties-docetiese dwaalleringe.

(10) Afgrensend teenoor die Roomskatolieke Kerk, wys **BARTH** terug op die maatstaf van die dogmatiek, die Woord van God, wanneer hy sy bewering, dat dit nie gaan om die persoon van Maria nie, wil motiveer.

(11) **BARTH** wys terug na die derde konsilie te **Efese, 431 n.C.** en die vierde Ekumeniese Konsilie te **Chalcedon 451 n.C.** wanneer hy die kwalifisering van Maria as **„moeder van God"** weer wil aksentueer. Die „Theotokos" het by **CALVYN** as reaksie teen die Roomskatolieke Mariologie, in onbruik geraak en het sedertdien in die reformatoriese dogmatiek op die agtergrond gestaan. Op die voetspoor van **LUTHER** en **ZWINGLI** wil

BARTH die benaming (latyn: **Genetrix) Theotokos,** weer in sy sinvolheid tot reg laat kom. Die sin hiervan is nie 'n mariologiese verheerliking nie, maar eerder 'n „hulpakte" in die Christologie. Dit aksentueer Sy menslike natuur : dit verklaar die **vere homo** as uit die moeder en nie as 'n **creatio ex nihilo** nie.

(12) Nogeens wys **BARTH** terug na die konsilies van **Efese** en **Chalcedon** wanneer hy daarop wys dat lg. sinodes **slegs christologiese** interesse aan die persoon van Maria het. Ook eksegeties kan hy nie anders nie, as om die Roomskatolieke Mariabeeld as onskriftuurlik af te wys.

Dogmenhistories wil hy die woorde van **Thomas Aquinas** beklemtoon : **Mater Dei est pura creatura.** Maria is die **van God** begenadigde.

(13) Alle **synergisme en monisme** word deur die soewereine goddelike handeling **qui conceptus est de Spiritu Sancto,** finaal onmoontlik gemaak.

(14) **K. BARTH** het op grond van die Skrif **(sola scriptura)** duidelik aangetoon dat die reformatoriese en na-reformatoriese Teologiese Etiek **geen erns gemaak het met die Bybelse leer van die sin van die ongehude staat nie.** Deur **eksegese** van die betrokke Nuwe Testamentiese gegewens het hy daartoe gekom om **ook die ongehude lewensstaat as 'n egte christelike gehoorsaamheid te waardeer.** Die fundering en regverdiging van hierdie lewenshouding is **nie** op die Mariologie te fundeer nie, maar op die Heilige Skrif in sy getuienis van die verwagting van die naderende koninkryk van die hemele. Die Protestantse Teologiese Etiek van vandag sal goed doen om, op grond van die **Sola Scriptura,** en met die oog op die feit dat daar in die christelike Kerk weldeeglik **ruimte bestaan** vir diens van hulle wat nie in die huwelik getree het nie, plek te maak, **nie vir 'n afsonderlike klas of stand van ongehudes nie,** maar wel vir 'n reformatoriese-aanvaarbare erkenning van die „ander" lewenshouding, **buite** die huwelik.

In sy positiewe waardering van hierdie dogma as deur die Kerk daargestelde wagter voor die deur tot die geheimenis van die **„vere Deus vere homo",** in sy deurgaanse karakterisering van hierdie artikel as **„Geheimenis"** en **„Wonder",** vir die intellektualisme onaanvaarbare waarheid, in sy voortdurende kontroversgesprek met die Roomskatolieke Kerk in sake van Mariologie, is Karl BARTH die eerste groot teoloog, wat hierdie dogma op so 'n **omvattend-duidelike** wyse midde in die **Protes-**

tantse dogmatiek, sinvol daargestel het. So o.i. aanvegbare uiteensetting van die Patriargaat en die Matriargaat, i.v.m. die sin van die uitsluiting van die man, lyk egter vir ons na 'n konstruksie wat nie deurgaans te verdedig is nie. [44]) Ons het hier te doen met 'n sosiologies-psigologiese ingewikkelde grootheid. In hoeverre is die patriargaat deur die matriargaat beïnvloed?

BARTH se verdienste is dat hy dit beklemtoon het dat inkarnasie en maagdelike geboorte onafskeidelik is, soos vorm en inhoud nie te skei is nie, dat die reformatoriese Teologiese Etiek, opnuut, op grond van die Skrif, moet besin oor die Betekenis van die ongehude lewensstaat.

---

[44]) **K.H. Miskotte: „De Apostolicse Geloofsbelydenis",** vertaling van die **„Credo" van Barth,** met aantekeninge voorsien. Vgl. die derde artikel t.p. (Uitgewers: G. F. Callenbach, Nijkerk, 1935.)